UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

REGISTRASIE VAN NUWELINGE IN 2019

Alle nuweling-studente, dws studente wat vir die eerste jaar van 'n betrokke graad of diploma **(uitgesonderd nagraadse grade en diplomas)** registreer, moet op **Donderdag 24 Januarie 2019** aanmeld vir die begin van die amptelike Verwelkomingsprogram.
Die Verwelkomingsprogram is beskikbaar by http://www.sun.ac.za/welkom

Nuwelinge wat plek in 'n koshuis gekry het, moet by hulle onderskeie koshuise aanmeld ingevolge tydsreëlings wat deur elke koshuis aan hulle voorsien sal word.

LET WEL: Dit is die verantwoordelikheid van alle nuweling-studente om seker te maak dat hulle aan al die toelatingsvereistes van hulle gekose studieprogram voldoen, VOORDAT hulle na Stellenbosch vertrek.

1. REGISTRASIE

14 – 29 Jan Self-registrasie (e-Registrasie)	Nuwelinge kan registrasie in NARGA vermy deur hulleself te registreer. Slegs studente wat die Nasionale Senior Sertifikaat in die SA skoolstelsel of IEB-eksamens afgelê het, sal kan e-registreer. Enige rekenaar wat internettoegang het, is voldoende. Vir nuwelinge wat nie toegang tot 'n rekenaar het nie, word daar spesiaal 'n rekenaarlokaal op die Stellenboschkampus vir dié doel beskikbaar gestel. Hierdie rekenaarlokaal in die Neelsie Studentesentrum (Sien ingeslote kaart – punt B) sal vanaf **21 tot 29 Januarie, 08:00-16:00,** vir nuwelinge beskikbaar wees, met beamptes wat hulp kan verleen (uitgesluit 26 en 27 Januarie). **LW:** 1. Indien studente nie van self-registrasie (e-registrasie) gebruik maak/kon maak nie, moet die normale registrasieprogram in NARGA gevolg word. 2. Modulewysigings ná registrasie moet self gedoen word mbv die e-registrasie program op my.sun.ac.za
28, 29 Jan NARGA-Registrasie	Alle nuwelinge wat nie van self-registrasie gebruik gemaak het/kon maak nie, registreer volgens die registrasieskedule verder aan in hierdie kennisgewing op Stellenbosch in die Natuurwetenskappe-rekenaargebruikersarea (NARGA) in Blok A van die Administrasiegebou.
1 Feb Program en/of module wysigings – slegs spesifieke fakulteite	Studente in die Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe - wat ná self-registrasie of NARGA-registrasie van program (dit is nie altyd meer moontlik op hierdie stadium nie) of modules wil verander, kry 'n spesiale geleentheid om dit op **Vrydag 1 Februarie** tussen **08:00 en 12:00** in NARGA te laat doen, met ander woorde vóór die klasse op **Maandag 4 Februarie** begin.
30 Jan - 15 Feb **LAATREGISTRASIE** R500 HEFFING	Alle nuwelinge wat nie tot en met **Dinsdag 29 Januarie** self geregistreer het of in NARGA geregistreer het nie, sal waarskynlik nie meer toegelaat word om te registreer nie, aangesien programme normaalweg dan reeds vol is. Studente vir wie daar dalk nog plek is, sal toegelaat word om tot **Vrydag 15 Februarie**

	tydens gewone kantoorure by hulle betrokke Fakulteitsbeampte in Blok A van die Sentrale Administrasiegebou te registreer, mits betyds met klasbywoning begin is en met betaling van 'n **R500 laatregistrasieheffing**.

2. NIE–SUID-AFRIKAANSE BURGERS

Alle nuwelinge wat nie SA-burgers is nie, moet by registrasie as student óf 'n permanente verblyfpermit óf 'n studiepermit, wat reeds vooraf van die Departement Binnelandse Sake verkry is, toon. Die permit moet geldig wees vir 2019. Indien jy nie die permit kan toon nie, sal jy nie toegelaat word om te registreer nie.

3. INLEWERING VAN TOELATINGSBEWYSE

Belangrik

Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of IEB-eksamens

By **registrasie in NARGA** moet elke nuweling wat die skooleindeksamen einde van 2018 afgelê het die oorspronklike simbolestaat (uitslagadvies) van die Nasionale Senior Sertifikaat- of IEB-eksamens, wat van die betrokke onderwysowerheid ontvang is, tesame met 'n fotokopie daarvan, toon.

Nuwelinge wat hierdie skooleindeksamens reeds voor die einde van 2018 afgelê het moet, benewens die simbolestaat, ook die oorspronklike Senior Sertifikaat, tesame met 'n fotokopie van elk, by registrasie toon.

Ander skoolstelselsels

Nuwelinge wat in 'n ander skoolstelsel as die Suid-Afrikaanse Senior Sertifikaat- of IEB-skoolstelsels gestudeer het, moet die oorspronklike skooleindsertifikaat van die betrokke skoolstelsel, plus 'n fotokopie daarvan, asook die oorspronklike sertifikaat van Universiteitsvrystelling, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad, plus 'n fotokopie daarvan, toon. Vir nuwelinge wat dalk nog vir 'n uitslag wag, sal 'n reëling vir **voorwaardelike registrasie** getref word.

PLEASE NOTE:

All **first-year undergraduate students** do not need to apply for their matriculation exemption certificate prior to registration of the 2019 academic year, however, you need ensure you meet the exemption requirements by sending your final results to Ms Talmarkes at ctalmarkes@sun.ac.za if you have International citizen with foreign school system, OR chantalg@sun.ac.za if you have South African citizenship with foreign school system, in order to obtain confirmation that registration will be in order.

Ander universiteite

Nuwelinge wat aan ander universiteite gestudeer het moet, benewens bogemelde sertifikate, ook hulle oorspronklike studierekord en bevredigende gedragsertifikaat, asook 'n fotokopie van elk, by registrasie as student toon.

Nagraadse nuwelinge wat aan ander universiteite gestudeer het moet hulle oorspronklike studierekord en graadsertifikaat, asook 'n fotokopie van elk, by registrasie as student toon.

LW: Jou aandag word daarop gevestig dat afskrifte van sertifikate, al is dit gesertifiseer as 'n ware afskrif van die oorspronklike, nie aanvaar word indien die oorspronklike sertifikaat nie ook getoon word nie.

4. GELDE BETAALBAAR BY REGISTRASIE

Kyk die aangehegte kennisgewing vir gelde wat by registrasie betaalbaar is. Nuwelinge kan 'n besoek aan die kassiere tydens registrasie vermy deur die verskuldigde gelde vooraf, ingevolge die inligting in die kennisgewing, in die Universiteit se bankrekening te deponeer.

5. BEWYS VAN REGISTRASIE

Elke nuweling ontvang tydens die registrasieproses 'n gedrukte bewys van registrasie, wat die program en modules waarvoor geregistreer is, aandui. Nuwelinge wat van die self-registrasie (e-registrasie)-proses gebruik maak, moet die bewys van registrasie uitdruk vanuit die studenteportaal: my.sun.ac.za Maak asseblief seker dat jy die dokument deeglik lees, aangesien dit belangrike inligting bevat.

Indien foute ten opsigte van die geregistreerde program en/of modules daarop voorkom, moet dit vóór of op **Vrydag 15 Februarie 2019** in die studenteportaal, my.sun.ac.za, of by die betrokke Fakulteitsbeampte, Administrasiegebou Blok A, reggestel word.

Geregistreerde studente wat modules volg waarvoor hulle nie op of voor **15 Februarie 2019** geregistreer het nie sal, as hulle wel die nodige toestemming kry om nog vir die betrokke module(s) te mag registreer, 'n heffing van R100 moet betaal. Kyk ook punt 7 hieronder in dié verband.

6. STUDENTEKAART

Elke student moet 'n studentekaart verkry, nadat hy/sy geregistreer het. Die studentekaart word vir 'n verskeidenheid van aktiwiteite benodig en moet altyd in jou besit wees wanneer jy op kampus is. **Let asseblief op die belangrike waarskuwing oor misbruik van die studentekaart** in Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek in die hoofstuk oor Toelating en Registrasie, paragraaf 4.2.3.

'n Kennisgewing wat verduidelik hoe die studentekaart ná registrasie verkry moet word, word hierby ingesluit.

7. LAASTE DAG VIR WYSIGING VAN MODULES

Modulewysigings kan tot **15 Februarie 2019** plaasvind. Enige modulewysiging ná dié datum, waarvoor toestemming by die betrokke Fakulteitsbeampte verkry word, sal met 'n R100 heffing gepaard gaan. Kyk ook punt 5 hierbo in dié verband. **Let ook op die spesiale geleentheid vir modulewysigings** in sekere fakulteite vóór die klasse op Maandag 4 Februarie begin by punt 1 boontoe.

8. KLAS-, TOETS- EN EKSAMENROOSTERS

Die klas-, toets- en eksamenroosters is slegs vanaf die Universiteit se webbladsy in die studenteportaal - my.sun.ac.za - beskikbaar. 'n Spesiale pamflet met inligting oor hoe om dit te verkry sal voor en tydens die registrasieprogram by die Inligtingstoonbank in Blok A van die Sentrale Administrasiegebou beskikbaar wees. Maak asseblief seker dat jy 'n pamflet kry en bepaal dan jou klasrooster so lank as moontlik voor **Maandag 4 Februarie,** die dag wat die klasse begin. Inligting oor roosters sal ook tydens sekere sessies van die Verwelkomingsprogram aan nuweling-studente verskaf word.

9. KLASROOSTERINDELING

Vir sommige eerstejaarsmodules is daar meer as een groep, byvoorbeeld Chemie 114 (Groep 1) en Chemie 114 (Groep 2), ens. Hierdie groepe se klasse is op verskillende tye op die klasrooster geskeduleer. Eerstejaarstudente wat sulke modules volg, sal vanaf **Donderdag 31 Januarie** by my.sun.ac.za hulle groepindeling kan verkry. Meer inligting hieroor sal tydens die Verwelkomingsprogram verskaf word, daarom is dit baie belangrik om alle sessies by te woon.

10. VOLDOENING AAN MODULEVEREISTES

Baie modules het ander modules wat as slaag-, voor- en newevereistes vir die betrokke modules geld, voordat hulle gevolg mag word. Eerstejaarstudente hoef aanvanklik slegs te let op moontlike newevereistes vir modules wat hulle wil volg, maar by die aanvang van die tweede semester kan slaag- en voorvereistes vir modules van die tweede semester dalk van toepassing wees. Inligting hieroor is in die fakulteitsjaarboeke beskikbaar.

11. AANHOU VAN MOTORVOERTUIG OP STELLENBOSCH

Indien jy met 'n privaat motorvoertuig op Universiteitsgronde wil parkeer, moet sodanige voertuig elektronies by die aangewese Universiteitsafdeling geregistreer wees. Sien die webblad by http://www.sun.ac.za/mobiliteit-parkering vir volledige inligting i.v.m. vervoer, parkering, voorskrifte en die hantering van oortredings.

REGISTRATEUR Desember 2018

REGISTRASIEDATUMS EN –TYE VIR 2019
NUWELINGE

SELF-REGISTRASIE (E-REGISTRASIE)

Nuwelinge kan die registrasieproses in NARGA vermy deur hulleself te registreer.
Enige rekenaar wat internettoegang het, is voldoende. Teken aan by my.sun.ac.za >>voorgraads >>administrasie >>e-Registrasie

Vir nuwelinge wat nie toegang tot 'n rekenaar het nie, word daar spesiaal 'n rekenaarlokaal op die Stellenboschkampus vir dié doel beskikbaar gestel. Hierdie rekenaarlokaal sal vanaf **21 tot 29 Januarie 2019, 08:00 – 16:00** (uitgesluit 26 en 27 Januarie) vir nuwelinge beskikbaar wees, met beamptes wat hulp kan verleen.

Sien die onderstaande skedule vir die registrasie in NARGA van nuwelinge wat nie self kon registreer nie.

NARGA-REGISTRASIE

MAANDAGOGGEND 28 JANUARIE

FAKULTEIT EN PROGRAMME	TYD
Opvoedkunde	
BEd (Grondslag- en Intermediêre Fases)	08:00 – 09:00
Ingenieurswese	
BIng	08:30 – 09:30
Regsgeleerdheid	
LLB	09:00 – 09:30
BCom (Regsgeleerdheid), BRekLLB	09:30 – 10:00
BA (Regsgeleerdheid)	10:00 – 10:30
Teologie	
BDiv BTh	10:30 – 11:30
AgriWetenskappe	
BScAgric	10:30 – 11:30
BAgric (Agri-Besigheidsbestuur)	10:30 – 11:30
BSc in Voedselwetenskap	10:30 – 11:30
BSc in Bosbou (Bosbou- en Houtwet)	10:30 – 11:30
BSc in Bewaringsekologie	10:30 – 11:30

MAANDAGMIDDAG 28 JANUARIE

Natuurwetenskappe	
BSc (alle programme, asook VGP)	13:30 – 15:00

MAANDAGMIDDAG 28 JANUARIE

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	
BCom (alle programme, asook VGP) BRek	14:30 – 16:00

DINSDAGOGGEND 29 JANUARIE

Lettere en Sosiale Wetenskappe	
BA (Geesteswetenskappe)	08:30 - 09:00
BA (Sosiale Dinamika)	08:30 - 09:00
BA (Taal en Kultuur)	08:30 - 09:00
BA (Ontwikkeling en Omgewing)	08:30 - 09:00
BA (Sosio-Informatika)	08:30 – 09:00
BA in Visuele Kunste	09:00 - 10:00
B in Maatskaplike Werk	09:00 - 10:00
Musiek	09:00 - 10:00
BA (Drama en Teaterstudie)	09:00 - 10:00
BA (Menslike Hulpbronbestuur)	09:00 - 10:00
BA (Sportwetenskap)	09:00 - 09:30
BA (PPE)	09:00 - 10:00
BA (Internasionale Studie)	09:30 - 10:00
BA (VGP) (alle programme)	10:00 – 11:00

STUDENTEKAART 2019	
Opsie 1	Opsie 2
Ek gaan in NARGA registreer **28, 29 Januarie**	**Ek gaan self registreer** **14 - 29 Januarie**
Stap 1: Registreer Registreer by Administrasie Blok A (NARGA) – **A** op kaart; Betaal jou gelde. Hou betalingsbewys reg vir stap 2 hieronder.	Stap 1: Registreer Registreer by enige rekenaar wat internettoegang het; ('n Lokaal is op Stellenbosch vir nuwelinge beskikbaar vanaf **21 - 29 Jan, 08:00 – 16:00, uitgesluit 26 en 27 Jan** – Neelsie Studentesentrum (**B** op kaart) Betaal jou gelde. Hou betalingsbewys reg vir stap 2 hieronder.
Stap 2: Gaan kry jou studentekaart 14 Jan – 5 Feb: Neelsie Studentesentrum (**B** op kaart). 6 Feb en later: Administrasie Blok A, IT Hub (**A** op kaart).	Stap 2: Gaan kry jou studentekaart 14 Jan – 5 Feb: Neelsie Studentesentrum (**B** op kaart). 6 Feb en later: Administrasie Blok A, IT Hub (**A** op kaart).